Te hom

# MEMORANDUM T.O.V. OPTREDE VAN VERKRYGING VAN PROSPEKTEER-EN MYNREG OP DIE PLASE:

1) RESTANT VAN LOMOTENG 669

2) GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS LOMOTENG 669

3) GEDEELTE 2 VAN DIE PLAAS LOMOTENG 669

Ek W.J.Uys ,is 'n trustee van Hilliard Trust .Ek is woonagtig op die Restant van Lomoteng 669 en die betrokke plaas is ingesluit in Hilliard Trust.
As gevolg van bogenoemde betrokkenheid, eis ek die volgende van hierdie vergadering:

1) Notule: Ek eis dat 'n notule gehou sal word van hierdie vergadering gehou op 21 Okt. 2011 te Namakwari Lodge op Kathu . 'n Afskrif van die notule moet binne drie weke na hierdie vergadering aan elke persoon teenwoordig gestuur word. Hierdie notule moet ook vervat word in die impakstudie.

2) Presensielys: Daar moet 'n volledige presensielys van hierdie vergadering gehou word, met almal se adresse asook die hoedanigheid waarin die vergadering bygewoon word.

3) Kennisgewing: Op watter wyse is daar kennis gegee van hierdie vergadering en aan wie.

4) Watter plase is betrokke: Volgens die kennisgewingsbrief word die drie plase almal onder " PLACE " aangedui en dit is nie duidelik of die MYNREG op drie afsonderlike plase of as 'n eenheid bedryf word nie.

5) Doel van die vergadering: Volgens die kennisgewing van 11OKT. 2011 is hierdie vergadering belê om 'n impakstudie en omgewingsbestuursplan te WYSIG. Geen vorige studie of bestuursprogram kon na twee jaar se skriftelike navrae van my en my regsverteenwoordiger voorgelê word nie,terwyl daar op volskaal voortgegaan word met mynbedrywighede. Die twee ander grondeienaars het ook nog geen vergadering van publiekedeelname se notule of enige impakstudie tot op datum gesien nie.

6) Hantering van insette by vergadering: Die insette wat by hierdie vergadering gelewer word, asook hierdie memorandum, moet as deel van die impakstudie gehanteer word en daarin vervat word. Hoe gaan die insette en kwelvrae by vandag se vergadering verder gehanteer en terugvoering gegee word?

7) Voldoening aan wetlike vereistes: Ek eis dat bewyse gelewer moet word dat die mynaktiwiteite in alle opsigte aan die wetlike aspekte voldoen. Wat is die huidige toedrag van sake?

8) Hersonering: Is die betrokke grond hersoneer ? Volgens Mnr. Bloem van Tsantsibane Munisipaliteit dra hy geen kennis van enige hersonering of goedkeuring van bouplanne vir die betrokke grond nie. Ek dra as een van die eienaars van die geraakte plase , ook geen kennis van sodanige aksie nie.

9) Watergebruikerslisensie: Die gebruik van grondwater impakteer op die hele ekologie, wat ook plantegroei insluit. Daar word beoog om op baie groter skaal

met mynaktiwiteite voort te gaan en baie meer water te gebruik. Ons bevind ons in 'n water- arm gebied en die invloed van ontwatering deur mynaktiwiteite is bewys.
a) Hoe gaan die watergebruik ondersoek, gemoniteer en bestuur word?
b)Waar gaan die ekstra water vandaan kom?
c)Wat gaan bv. gedoen word, indien die gebied benadeel word?
d)Hoe gereeld en aan wie gaan verslag gelewer word.?
e) Hoe gaan benadeeldes vergoed word en in die huidige posisie gehou word ?.
f)Gaan daar by Dept, van Waterwese aansoek gedoen word vir die boor van watergate
g)Beskik die betrokke maatskappy oor 'n watergebruikerslisensie ?
h)As daar van water gebruik gemaak word in die " Screening plant," waar en hoe gaan die slikdamme gebou word ?

10) Besoedeling: Stofbesoedeling het 'n ernstige nadelige invloed op die groei sowel as op die smaaklikheid van plantegroei.. Hoe beoog die maatskappy om die probleem aan te spreek en hoe gaan vergoeding hiervoor aan die benadeeldes geskied.?

11) Erosie: As gevolg van ontbossing, paaie en ander mynaktiwiteite, vergroot die probleme van erosie aansienlik. Stormwater uit die myngebied impakteer ook op aangrensende eiendomme. Wat gaan gedoen word t.o.v. die probleme.?

12) Brandgevaar: Volgens wetgewing kan'n persoon aanspreeklik gehou word vir skade wanneer'n brand vanaf sy eiendom na 'n buurman versprei. 'n Eienaar word verder verplig om brandpaaie te maak-- net brandblussers is nie voldoende nie. Wie dra hierdie verantwoordelikheid van die grond waarop die prospekteer- of mynreg verkry is ? Hierdie punt moet uitgeklaar en op skrif gestel word alvorens daar enige toegang tot 'n eiendom gegee sal word.

13) Brandstof berging: Hoe word brandstof op die mynterrein gestoor ? Omdat die mynaktiwiteite op 'n hoër liggende gebied geskied, sal enige besoedeling afspoel na die laer gebiede. 'n Impakstudie word verlang vir brandstofberging. Waar is die bewyse daarvoor?.

14) Plofstof: Gaan daar op enige staduim van plofstof gebruik gemaak word ? Indien wel, hoe gaan trillings gemoniteer word en vergoeding vir moontlike skade aan geboue of infrastruktuur bepaal en betaal word ?

15) Arbeid: Ons is bewus daarvan dat slegs op klein skaal van plaaslike arbeid gebruik gemaak word en dat Chinese werkers gebruik word. Die inbring van vreemdelinge het tientalle implikasies. Die volgende is sake van bekommernis :
a)Veiligheid- hoe word die persone beheer ?
b)Huisvestng- wat is die wetlike aspekte ?
c)Werkspermitte—is alles wettig?

16) Rehabilitasie: Die wet vereis dat geld beskikbaar moet wees vir rehabilitasie .Ek sien in die prospekteerlisensie dat daar slegs R10000-00 vir daardie doel vereis is. Ondervinding het bewys dat hierdie'n groot leemte is en dat verskeie van die klein myners vertrek het sonder dat enige rehabilitasie gedoen is. Ons vereis dat ernstige aandag aan die punt gegee word sodat'n realistiese bedrag vir rehabilitasie gedeponeer word. Hierdie bedrag moet jaarliks hersien word en moet met inflasie tred hou. 'n Myn wat oor 20 jaar bedryf word, kan nie na 20 jaar met jaar een se fondse gerehabiliteer word nie.

mgm.

Daar word vervolgens van u verwag om die " scooping report " t.o.v. rehabilitasie asook die biodiversiteitstudie aan ons te lewer.

17) Paaie : Die grondpad tot by die myn is wyer geskraap en die waterdeurgange onder deur die pad (culverts ) is smal gelaat . Daar is geen aanduiding van 'n padvernouing nie en indien twee voertuie agter mekaar ry kan die agterste een wat in die stof ry in die sloot beland . Alle padtekens is ook in die proses weggeskraap. Ek vra dus dat alle relevante padtekens a.s.b opgerig word .

18) Deskundiges :Bewys moet gelewer word dat daar van deskundiges op elke gebied gebruik gemaak word in die opstel van afdelings van die impakstudies , b.v. Geohidroloog – Seismoloog – Ekoloog – Plantkundiges - Geraas – Stof – besoedeling – Plantkundige –Die sosioekonomiese impak .

19) Skakeling met relevante betrokkenes bv. Omgewings forums: Waar pas die kleiner myne in t.o.v. skakeling met ander myne, forums en gemeenskapsbetrokkenheid? Die groter myne word deur die staat gedwing om deel te neem, maar die kleineres opereer skynbaar op eilande en dit veroorsaak dat hulle deur die net van wetgewing val.

20) Beskikbaarheid van inligting: Mnr. Hennie Erasmus het tydens sy besoek aan my i.s. hierdie impakstudie wysigings, aan my bevestig dat alle inligting, studies en ondersoeke t.o.v. impakstudies oor mynbedrywighede publieke dokumentasie is en tot die beskikking van enige persoon is. Tenspyte van twee jaar se korrespondensie deur my en twee prokureurs is geen inligting deur die konsutant of D.M,E. aan ons gelewer nie. Hierdie optrede van die betrokke partye maak my beslis agterdogtig t.o.v. die hele proses tot dusver. Is vandag se vergadering nie maar net weer 'n poging om soos in die verlede die wette te systap nie ? Die samewerking en goedkeuring van my kant sal afhang van die beskikbaarstelling van die relevante dokumente wat nie een van die omgewing se betrokkenis nog onder oë gehad het nie, en wat gebruik was vir die goedkeuring van die mynlisensie.

**Met hierdie verloop van sake as agtergrond, is my bekommernis beslis gegrond!**

Geteken :

Datum:..21/..10./..11..

Trustee Hilliard Trust :..[signature]......

M&S Consulting..[signature]..............